# OUDSKOLIERE EN VRIENDE VAN VOLKSKOOL

Posbus 21, Graaff-Reinet, 6280
Tel: 049-8910514
E-pos: volksies@hvsgrt.org.za
Web: www.volksies.co.za

OKTOBER 2024







**EENMAAL 'n VOLKSIE, ALTYD 'n VOLKSIE**




# BESTE VAN DIE BESTES!

***GRAAFF-REINET READERS' CHOICE AWARDS***

Vroeër vanjaar het lesers van die Graaff-Reinet Advertiser die geleentheid gehad om vir die "2024 Best of Graaff-Reinet Readers' Choice Awards" te stem.

Hoër Volkskool is as die wenner van die kategorie beste hoërskool en Laer Volkskool Graaff-Reinet is as die kategoriewenner vir die beste laerskool in Graaff-Reinet aangewys. Weppie Preppie het die toekenning as die beste kleuterskool ontvang.

Dit is hoe Volkskool beskryf word: In die hart van die Karoo, sal jy die volgende vind:

* 'n Vooruitstrewende Afrikaanse laer- en hoërskool
* 'n Ryk erfenis van meer as 100 jaar wat 'n standvastige fondament vir leerders bied
* 'n Plattelandse skool met unieke geleenthede
* 'n Dinamiese en betrokke ouergemeenskap
* Hoë waardes en gebalanseerde leerders
* Uitleef van ons leuse, "Ons sal handhaaf" op akademiese, sport- en kulturele gebied

Hoër Volkskool bied onder andere:

'n Uitstekende koshuis en vanaf 2025 sal Huis Cronjé 'n naweekkoshuis wees.

Professionele sportafrigting

'n Astro hokkieveld

'n Onderdak verhitte swembadkompleks

Baie goed toegeruste gimnasium

Twee rekenaarsentrums

Baie dankie aan die gemeenskap wat op hierdie manier aan Laer en Hoër Volkskool erkenning gee.



## VOLKSKOOL HARDLOOPKLUB:

Volkskool is in die proses om aansoek te doen om 'n nuwe Volksies Graaff-Reinet hardloopklub te stig! Die voorlopige koste sal R300 per jaar kos, wat jou Asa-nommer insluit. Jy moet addisioneel net 'n offisiële hempie van die klub bestel. As jy belangstel om deel van die klub te word, kan jy per Whats App vir Suliza 'n boodskap stuur. Haar nommer is 0828613709. 'n Minimum van **40 belangstellendes** is nodig om voort te gaan met die stigting van die klub.

Lidmaatskap is oop vir almal met 'n hart vir Volkskool. Enigeen kan aansluit!

Kinders tussen die ouderdom van 13 tot 18 kan aansluit, maar kan ongelukkig nog nie nog nie 'n ASA-nommer ontvang nie.

BELANGRIK: Die klub bestaan nog nie, maar met jou hulp kan ons genoeg belangstellendes kry om 'n klub te stig!

# INTERSKOLE 2025

## DATUM: 15 -16 AUGUSTUS



MATRIEKS 1975

Weens die Covid-pandemie is daar geen reünies in 2020 gehou nie. Dit beteken dat baie klasmaats mekaar met die interskole in 2015 laas gesien het.

Groot reünies wat beplan word is die matriekklas van 1975 wat hulle 50-jaar en die matriekklas van 1965 wat hulle 60-jaar reünie beplan.

# Trots Volkskool



Kleintjie Pienaar (1974) en  sy kleinseun
Ruben Potgieter (graad 1 in 2024)















# HUIDIGE PROJEKTE



As een van jou doelwitte is om 'n Karoo-kind in die Karoo te hou, dink jy buite normale raamwerke om fondse in te samel. Een van die huidige projekte is die **ooiprojek.** Oud-Volksie van die 1998 matriekklas, Gerrit Viljoen, het ingespring om die projek van stapel te stuur en met behulp van ander komiteelede, boere in die omgewing genader om by die projek betrokke te raak. Sommige boere is huidige ouers van Volkskool, ander het besef hulle moet betrokke bly, want al ry hulle nie tans elke week "skoolkar" nie, is hulle kleinkinders oor 'n paar jaar deel van die Volkskool-familie. Elkeen het 'n paar kudde-ooie of vee geskenk en met Gerrit se hulp, word 'n trop boerooie verhuur. Volhoubare projekte is noodsaaklik!

Die voortbestaan van Volkskool in Graaff-Reinet kan nie net deur soortgelyke projekte verseker word nie. Ons het elke oud-Volksie se ondersteuning nodig. Almal is nie noodwendig in die posisie om finansieel baie by te dra nie, maar onthou elke bydrae maak 'n groot verskil. Jaarliks vra ons 'n **R250.00 bydrae van elke oud-Volksie** wat aangewend word vir administasie, want dit bly die hartklop van die Oudskoliere en Vriende van Volkskool. En almal het **daardie een vriend** na wie jy ons kan verwys en wat ons kan nader om by ons volgende projek betrokke te raak. Sodoende kan ons konsekwente donateurs aan boord te kry. Ons hoor graag van jou!

**OUDSKOLIERE EN VRIENDE VAN VOLKSKOOL**

Plasketstraat, Graaff-Reinet, 6280
049 891 0514 | volksies@hvsgrt.org.za

**Kennis geskied hiermee van die Algemene Jaarvergadering van die Oudskoliere en Vriende van Volkskool wat gehou sal word op Vrydag 8 November 2024 om 09:00 by**

**Die Volksie, Hoër Volkskool, Graaff-Reinet**

@hvsgrt | www.volksies.co.za | @karoovolksies

Alle oud-Volksies, huidige ouers van die Volkskoolfamilie en alle belangstellendes word genooi om die Algemene Jaarvergadering by te woon.

Om die prestasies en vordering van Weppie Preppie, Laer Volkskool en Hoër Volkskool dop te hou, volg ons op sosiale media (Facebook en Instagram) of besoek ons webblad www.volksies.co.za.

# BAIE DANKIE

GRASSIES STAAL | Fouries Vervoer

Eddies Electrical Services cc 078 2261 565 eddieselectricalservices@gmail.com

Retief Geelbek Merino's

BOOMSTICKS OUTDOOR ESSENTIALS AND OUTFITTERS

GRT Hardware Essential National Buying Group

supa quick GRAAFF-REINET

GROENVLEI RANCHES 2019

KAROO 4X4 Fitment Centre 078 774 7218

Drostdy Toyota Graaff-Reinet 049-8922143

ISU EST. 2001 ROMMEL & DROMDIENS

N1 CONSTRUCTION

TM TYREMART RIGHT TYRES... RIGHT PRICE Campbell - 082 380 1569

NEC Nissan Eastern Cape

ENGEN RIVERSIDE Convenience Centre Graaff-Reient

MARK VIR DIE HUISVRO SAVERITE SUPERMARKET

PSG Insure Assist T +27 (49) 892 4171 E alet.slabbert@psg.co.za

VAN WYK THERON PROFESSIONELE REKENMEESTERS (SA) PROFESSIONAL ACCOUNTANTS (SA) PRAKTYK/PRACTICE Nr. 590

**Baie dankie aan elkeen van hierdie besighede wat die afgelope drie jaar as borge van ons EEUFEES SPORTDRAG by Volkskool betrokke was.**

Tans is ons op soek na borge vir die skole se sportdrag vir 'n twee jaar termyn.

Advertensiespasie vir 'n hoofborg op die o.13-rugbytruie is beskikbaar. As jy belangstel om as borg betrokke te raak, kontak die Oudskolierekantoor. Selnr. 0662447769

